NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 27
29 Augustus 2019

Tweemiljoen Bybels vir Suid-Afrika

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die Bybel is geskryf in God se taal. Dit is die een taal wat ons almal verstaan. Dit is die taal van liefde.

Vrydag 23 Augustus het 'n aantal gaste namens die Kerk 'n dinee van die Bybelgenootskap in Kempton Park bygewoon. Die gedagte was om op hierdie manier erkenning te gee aan en dankie te sê vir die groot rol wat die Kerk gespeel het in die Bybelgenootskap se bestaan van 200 jaar in Suid-Afrika. Dit sluit die vertaling van die Bybel in die 11 amptelike tale van die land, veral die vier Afrikaanse vertalings, in. Oor die jare heen het lidmate van die Kerk ruim en getrou bygedra tot die produsering en verspreiding van die Bybel. Hiermee dan weer eens 'n opregte woord van dank! Die waarde van 'n Bybel in 'n mens se eie taal kan nie in geld gemeet word nie.

Terselfdertyd is die Bybelgenootskap se projek om in 2020 tweemiljoen Bybels in Suid-Afrika te versprei, bekendgestel. In plaas van om net 'n aantal byeenkomste te hou, wil die Bybelgenootskap ons dankbaarheid teenoor die Here vier deur saam met al die kerke in die land die geskenk van God se Woord met die mense van Suid-Afrika te deel. Die verwagting is dat hierdie tweemiljoen Bybels soos saadjies van hoop sal lei tot 'n geestelike oplewing in die land en dat dit 'n nuwe klem op morele waardes en Bybelse beginsels in die samelewing tot gevolg sal hê.

Ons Kerk het in 'n sekere mate reeds begin om van hierdie Bybels te versprei. Saam met alles wat die Kerk hierdie week as droogtehulp na Williston stuur, is daar ook 162 Bybels en 300 Bybel-leesboeke wat deur die Bybelgenootskap voorsien is.

Volgende jaar sal in al die kerke in Suid-Afrika bekendstaan as die Jaar van die Bybel. Ons Kerk het ook reeds besluit om dit te vier met die tema *Die Bybel bring hoop vir almal.* Aangesien gemeentes waarskynlik reeds begin het om te beplan aan volgende jaar se kalender, kan hierdie tema gerus in gedagte gehou word. Die volgende is belangrike datums wat nou reeds op gemeentes se kalenders aangebring kan word:

Sondag 23 Augustus 2020: Bybel-Sondag. Gemeentes sal meer inligting ontvang oor die inrigting van hierdie spesiale geleentheid. Dit sal die hoogtepunt vorm van die projek rakende tweemiljoen Bybels.
Saterdag 19 September 2020: Stap-vir-Bybels by die Voortrekkermonument as deel van Erfenisdagvieringe. Gemeentes word aangemoedig om in ander ringe of in dorpe soortgelyke geleenthede te reël.
Sondag 25 Oktober 2020: Hervormingsondag. Oorweging kan geskenk word aan gesamentlike eredienste.
Sondag 29 November 2020: Bekendstelling van die 2020 Afrikaanse Vertaling van die Bybel.

Die Bybel is geskryf in God se taal. Dit is die een taal wat ons almal verstaan. Dit is die taal van liefde. Deur die Bybel leer ons God ken soos wat Hy Homself aan ons openbaar het deur Jesus Christus as 'n God van liefde en genade. Daar is geen groter geskenk as dit nie. Aan God alle eer!

Dr Gerhard Lindeque
Bybelgenootskap van Suid-Afrika

Ds Anton Swanepoel

Ds Tertius Hindley

Ds Lammert van Rooyen

Ds Guilliaume Rocher

Lief en leed

- Emerituspredikant **ds AM (Anton) Swanepoel** (85) is Saterdagmiddag 17 Augustus oorlede. Sy vrou, Lena, is in Maart 2018 oorlede. Die gedenkdiens was op Maandag 26 Augustus vanuit Gemeente Oos-Moot, en ds André Thomas het die diens gelei. Ons innige simpatie gaan aan ds Swanepoel se familie, in die besonder sy suster, mev Marié van Niekerk, van die Sinodale Dienssentrum.

- Dit gaan nou beter met emerituspredikant **ds WRT (Tertius) Hindley** (62 op 1 September) nadat hy gesondheidsprobleme ondervind het. Baie sterkte aan hom en sy vrou, Adi. Ds Hindley is tans brugpredikant in Gemeente Newcastle.

- Op Sondag 18 Augustus het die Nederlandssprekende Gemeente in Johannesburg **prof Yolanda Dreyer** se 25-jaar-jubileum by dié gemeente gevier. Op 8 Augustus 1994 is sy in die gemeente bevestig deur prof Jimmie Loader. Wat die geleentheid merkwaardig maak, is dat prof Loader die bevestiging in Nederlands waargeneem het en prof Dreyer haar intreepreek in Nederlands gelewer het! 25 jaar later praat sy vlot Nederlands en maak sy 'n reusebydrae tot die voortgang van die gemeente. Die gemeente se diakonie is besonder aktief en tydens die geleentheid is 'n voedselinsameling vir RATA gehou. **Op die foto** verskyn die predikante en teologiestudente wat teenwoordig was: Ds Arie Kuyper, student Lynette Lötter, dr Annelie Botha, prof Yolanda Dreyer, prof Andries van Aarde, student Thomas Dreyer en dr Tanya van Wyk.

- **Die volgende predikante verjaar tot 6 September, en word hartlik geluk gewens:**

o	Donderdag 29 Augustus:	Ds J (Jan) van Immerzeel (emeritus)
o	Saterdag 31 Augustus:	Ds J (Juan) de Beer (Parys)
o	Sondag 1 September:	Prof PJ (Pierre) Jordaan (Wonderfontein) en ds WRT (Tertius) Hindley (emeritus)
o	Dinsdag 3 September:	Ds JM (Marthinus) van Staden (Klerksdorp-Doringkruin)
o	Woensdag 4 September:	Ds MD (Giel) Malan (Wonderboompoort)
o	Vrydag 6 September:	Ds P (Paul) Buitendag (Volksrust)

Gemeentes en bediening

- **Ds LS (Lammert) van Rooyen** (beroepafwagtend) het die beroep na Lichtenburg-Oos aanvaar.

- **Ds G (Guilliaume) Rocher** van Nigel (voltyds) en Balfour (deeltyds) het die beroep na Heidelberg aanvaar.

- **Ds Paul van Jaarsveld** is op Sondag 21 Julie as predikant met spesiale opdrag evangelisasiebediening bevestig in Gemeente Montana. **Op die foto** is ds Annieka Pottas, ds Paul van Jaarsveld en dr Thinus van Staden.

- Die **Grootfontein/Tsumeb-kombinasie** beskik tans oor ’n **vakante werkruimte vir voltydse bediening**. Die afstand tussen die twee gemeentes is 60 km, met eredienste in albei gemeentes op Sondae, sowel as eredienste op Oshakati (290 km vanaf Tsumeb) en Rundu (260 km vanaf Grootfontein) soos deur die kerkrade bepaal. Versorgingsvoordele is volgens die Kerk se vergoedingskale en ’n finale pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoekers tot en met ’n 10-jaar-skaal sal voorkeur geniet. Die kerkrade behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie te oorweeg, tot die kortlys toe te voeg of weg te laat, asook om die werkruimte te vul wanneer dit geleë is. Belangstellende predikante en proponente van die NHKA kan die konsulent, ds Nelius van Niekerk, by **neliusvniekerk@gmail.com** kontak met verdere navrae. **Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 30 September 2019.** Die beroep is onderhewig aan die verkryging van ’n werkpermit vanaf die Namibiese regering.

- Predikante wat **preekbeurte** wil waarneem in **Zimbabwe (Bulawayo en/of Harare)**, kan kontak maak met ds Nicolaas Steenekamp by **njssteenekamp@gmail.com** of 073 279 3315. Vervoerkoste en ’n honorarium word betaal.

- Predikante kan by **Gemeente Dullstroom** preek en gratis verblyf vir twee nagte kry vir die gratis preek. Die gemeente bied gratis verblyf vir ’n **predikant en sy/haar gade**; vir kinders se verblyf moet self betaal word. Die vergunning geld nie langnaweke en vakansietye nie. Reël die verblyf met Adri by 071 672 6761. Kontak dan mev Johanna Pieterse by 072 116 3353 of **nhkdullstroom@gmail.com** om die Sondag te bevestig.

Vergaderings

- Donderdag 29 Augustus: OTMT Direksie
- Woensdag 4 September: Kinderhuise Dagbestuur
  Plesion Direksie
- Donderdag 5 September: Kommissie van die AKV
- Vrydag 6 September: Kommissie van die AKV

’n Gedig

duiselig

ek dink verder dat jy
as kind in die bruingeel
koring rondgestap het (daglank; oestyd)
jou kykers allergiesrig toegeswel
die bruin bene vol
skrape wat later in die water
brand. ek dink
dat die ruik
van uitgeblaasde kers jou aand vir
aand aan die slaap gesus het.
ek dink jou oupa
se bybel was hollands
en kinders is net gesien
en nie gehoor nie.
en ek weet die verbeel
is alles nou klaar
ek probeer hierdie seuntjie
in my kop bewaar

Gilbert Gibson
(Uit: *boomplaats*, 2005)

Kerklike publikasies

- **Lees in *Die Hervormer* van September 2019**
  - o Tweemiljoen Bybels vir Suid-Afrika in 2020
  - o Is jul kerkgebou toeganklik vir persone met gestremdheid?
  - o In aanloop tot die 72ste AKV

  Lees *Die Hervormer* volledig by **http://nhka.org/die-hervormer/**

- ***Bybelse Dagboek / Almanak 2019***
  Nou net R100 (versending uitgesluit)
  Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
  én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
  Bestel by **sentik@nhk.co.za**

Barmhartigheid

- Die **ADV se vragmotor vir Calvinia en Williston** is gelaai, ons het die skryfbehoeftes vir die skole ontvang, en op Sondag 25 Augustus na die oggenderediens by Gemeente Delmas het ons die langpad gevat. Dankie aan Ian Bester van **Q4 Logistics** vir die reël van die vragmotor.

- **Rata se Boskaravaanprojek 2018/'19.** Die boskaravaan is gewen deur Elize Grobler. **Op die foto** ontvang sy 'n handdruk van gelukwensing van Sampie Nieuwoudt van Wildebeest Offroad Trailers. Links is Muller Coetser van One Day Accounting wat die ouditproses van die kaartjieverkope hanteer het. Regs is ds Stephen de Beer van Gemeente Noordwestelike Pretoria en Rata Maatskaplike Dienste. Baie geluk, Elize!

- **Vakature: Geregistreerde Verpleegkundige.** By Ons Tuis (NWO): Van Rensburg-tehuis, Danville. Die suksesvolle kandidaat sal oor die volgende **vaardighede** beskik: Die vermoë om 'n klein span stafverpleegkundiges, ingeskrewe verpleegassistente en versorgers te lei; sal in staat wees om uitstekende verpleegsorg te lewer in 'n versorgingsfasiliteit; moet oor goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede beskik en in staat wees om in Engels en Afrikaans te kommunikeer en 'n vertrouensverhouding met alle belanghebbendes (gesinne, inwoners en personeel) op te bou; moet beskik oor goeie kennis van professionele verpleegpraktyke en -prosedures en die vermoë om binne die geregistreerde verpleegkundige omgewing te werk; sal beskik oor basiese administratiewe en uitstekende probleemoplossingsvaardighede, met rekenaarvaardighede as sterk aanbeveling. Die persoon moet binne 'n span kan werk en emosioneel volwasse wees. Die **verantwoordelikhede** behels verpleegsorg in 'n verswaktesorgomgewing. Die persoon moet individuele planne vir verpleegsorg wat waarde toevoeg tot elke individuele inwoner implementeer en bestuur. Die **vereiste ervaring** is 5 jaar as 'n geregistreerde verpleegkundige; ervaring in geriatriese sorg, insluitend alle aspekte van verswaktesorg, sal

ONS TUIS
otmt

as sterk aanbeveling dien. Die vereiste **kwalifikasie** is ’n diploma of graad in algemene en psigiatriese verpleegkunde. ’n Diploma in geriatriese verpleegkunde, beroepsgesondheidsorg en primêre gesondheidsorg sal as sterk aanbeveling dien. Registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging as ’n geregistreerde verpleegkundige is noodsaaklik. Die **salaris** is markverwant met normale voordele. Stuur aansoeke aan Gerald van Rensburg, faks 012 323 2127, e-pos **adm@otmt.org**. **Die sluitingsdatum is 29 Augustus 2019.** Neem kennis dat indien u binne twee weke na die sluitingsdatum geen terugvoer van ons ontvang het nie, u aansoek onsuksesvol was.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: die ideale plek vir u aftrede. Pragtige, ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2019, in ’n rustige omgewing naby busroetes en ’n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **kamerfasiliteite in Riekie Boshoff** teen R3 140 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Toerusting

- **Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling**
  Werkwinkel: 3-4 September
  Daar is lewe vóór en ná aftrede
  NGK Suidoos-Pretoria/Stellastraat
  hv Olivier- en Stellastraat, Waterkloof
  R380, 25 VBO-punte
  Sluitingsdatum vir inskrywings 30 Augustus
  Navrae aan Rika van Rensburg by 012 420 6738
  excelsus@up.ac.za

- **Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling**
  Lentekonferensie: Dinsdag 17 – Donderdag 19 September
  Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef
  Onder meer met Hervormde dosente
  Hoofsprekers: Dinsdag prof Thuli Madonsela
  Woensdag prof Christi van der Westhuizen
  Donderdag Gielie Hoffman

By Universiteitsoord en UP
R1 180 per persoon, 30 VBO-punte
Emeriti en studente R650
Navrae: 012 420 6738 / 012 420 4441 / 012 420 2892
excelsus@up.ac.za

Allegaartjie

Ons het so baie om nog te kan gee. Ons kom uit 'n era waar ons weet wat is harde werk. Ons kan somme maak sonder 'n sakrekenaar of daai toepassinkie op jou slimfoon. Ons kan spel, ons kan ordentlik oor 'n telefoon praat. Ons weet hoe om navorsing te doen uit 'n boek uit, en met die hulp van die internet. Ons kan 'n debat voer in 'n raadsaal sonder om elke vyf minute op 'n selfoon te kyk. Ons kan mense in die oë kyk en ons kan ferm handdrukke gee. Ons kan respek wys en afdwing. Ons is die vyftigplussers en ons is nog springlewendig. (Hendie Grobbelaar, NouNet-mening, LitNet 23 Augustus 2019)

Fondsinsamelings

- **Babbel vir Bybels.** Ondersteun asseblief die projek van die Bybelgenootskap om tweemiljoen Bybels in Suid-Afrika te versprei. Kom **stap saam op Saterdag 31 Augustus** om 15:00 op die parkeerterrein voor die kerke in Midstream. Inskrywings sluit verversings in. Volwassenes R100, kinders en troeteldiere R50. Navrae: 082 374 8703.

- **Gemeente Silverton: Damesoggend.** Alle dames word genooi om op **Saterdag 7 September** om 09:30 saam te kom kuier en heerlik te eet. Daar gaan ook lyndansers en 'n praatjie oor *Mind Moves* wees. Koste: R100 per persoon (fondse vir barmhartigheid en bejaardesorg). Kaartjies is beskikbaar by Madelein 081 325 0003 of Miempie 082 467 1182. Kom geniet die oggend saam met ons by ons kerkgebou, hv Fakkel- en Presidentstraat, Silverton. Navrae aan ds Henk Labuschagne by 082 375 4321.

Basaars en markte

- **Gemeente Bethal: Basaar**
  Vrydag 30 Augustus vanaf 14:00
  By die kerk, Tsibitso Sibanyonistraat 72
  Watertand koek, basaarpoedings, pannekoek
  Kerrie-en-rys, hamburgers, sosaties, potjiekos, worsbroodjies...
  Vleis teen billike pryse
  Aktiwiteite en boeresport vir voorskool- en laerskoolkinders
  Navrae aan die gemeentekantoor 017 647 3093

- **Gemeente Ottosdal: Oesfees**
  Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus
  Vrydagaand: Spitbraai en waenhuisdans in die Boere-uniesaal
  R120 per persoon (volwassenes) en R60 per persoon (laerskoolkinders)

Saterdag: Uitstallers en kosstalletjies
Vir die kinders springkasteel, Lazer Tag en meer...
Navrae: **rudi.jansevanrensburg@gmail.com**

- **Gemeente Rustenburg-Suid: Willerste Noordweste Lentefees**
  Kockstraat 153, Rustenburg
  Dans: Vrydag 30 Augustus, hekke open 18:00
  R50 (laerskoolkinders gratis)
  Braaipakkies en verversings te koop
  Vure, pap-en-sous word voorsien
  Bring eie stoel en eetgerei
  Familiefees: Saterdag 31 Augustus vanaf 08:00
  Gratis toegang
  Reusepretpark vir kinders met spookhuis, springkasteel en meer
  Pap-en-kaiings, boerbrood, koeksisters, boerewors, kerrie-en-rys...
  Vleissnitte, gebak
  Kaartfasiliteite beskikbaar
  Navrae 014 592 2364

- **Gemeente Ventersdorp: Loslitbasaar**
  Saterdag 31 Augustus
  Verskeidenheid vars vleise, ons bekende lekker sosaties en wors
  Heerlike kos, koek, tert en vele ander gebak
  Lekkergoedtafel met speletjies vir die jongklomp en vele meer
  Navrae: Ds Marius van Vuren by 072 850 4960 /
  Nico Kock by 083 204 6715

- **Gemeente Sasolburg-Suid**
  Basaar en vendusie
  Saterdag 31 Augustus
  Kom snuffel gerus vir ’n winskoop
  Kom kuier lekker saam
  Kry iets heerlik om te eet!
  (Hierdie kombers is deur Hannie van Rensburg aan die gemeente geskenk. Dit sal ’n pragtige geskenk of erfstuk wees. As jy graag in aanmerking wil kom om die kombers te wen, sal dit R50 kos. Skakel Tobie by 083 943 4561.)

- **Gemeente Rooihuiskraal: Karnaval**
  Saterdag 31 Augustus 09:00-15:00
  Lekker FM regstreekse uitsending 09:00-12:00
  Kettieskiet en teikengooi
  Spookhuis, springkasteel, Survivor
  Kruiwaresies en pop-’n-ballon-kompetisie
  Vermaak deur Alphonso Conradie
  Tot 13:00: Koffietafel en kuierplek in tent met tuisgebak
  Pannekoek, ribburgers, lekkergoed en koeldrank
  Vanaf 13:00: Potjiekos en nagereg
  R100 per volwassene en R75 per skoolgaande kind
  (Kinders ontvang R25 se kaartjies vir aktiwiteite)
  Navrae: 012 657 1281 / 071 103 0822 (Ilonka)

- **Gemeente Eendracht in Leandra: Kleinbeginfees**
  Saterdag 7 September vanaf 09:00
  Boerekos, motorskou, trompoppies, veiling
  Kuiertent, pretpark, kleuterpark
  Adam Tas en PJ Pretorius
  Vleis R70 per kg (wors en maalvleis)
  Toegang R5
  Koop kaartjie vir R100 om te wen: 1ste prys: R50 000 kontant
  2de prys: Jagpakket
  3de prys: Naweek by Olifants River Lodge
  Navrae: Kobie 079 527 1854 / Lida 017 683 0067
  www.kleinbeginfees.co.za
  E-pos: **kleinbeginfees@gmail.com**
  Facebook: **Klein Begin Fees**

- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
  24, 25 en 26 Oktober
  Delyweg 100, Waterkloofpark
  Uitstallers welkom
  Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
  kersmark@pretoriaoos.com

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Here, my God, ek het tyd.
Oorgenoeg tyd.
Al sê ek so dikwels:
Jammer, maar ek kan eenvoudig nie dít ook nog inpas nie!
Ek het al die tyd wat U my gegee het:
Al die jare van my lewe.
Die dae van my jare.
Die ure van my dae.
Dit alles het ek tot my beskikking
om te vul.

Maar hoe?
Rustig, kalm, met sinvolle aktiwiteit?
Of holderstebolder en vervaard?

Here, ek bring my tyd na U toe.
Maak asseblief uit die brak en smaaklose water
van my gejaagde ure
geurige, vol, ryk wyn
– soos daardie dag in Kana –
sodat ek ander se dors daarmee kan les.

Michel Quoist
(Uit: *Die groot gebedeboek*, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk